

Niks kan Christus terughou

Teks: Johannes 20: 1 - 19

Teksvers: Johannes 20: 17

1. Inleiding

Om weg te wees van die fisiese teenwoordigheid van 'n geliefde is nie lekker nie. Ons ken dit goed, wanneer een persoon van die gesin moet reis en uitslaap vir werk. Ouers ken dit wanneer hulle kinders die huis verlaat. En ons besef juis weer die swaar hieraan wanneer ons hier in die grendelstaat wat ook nou verleng is verkeer.

Dit is juis ook waar die angel van iets soos tronkstraf lê. Die afgesonderde aanhouding van 'n persoon. Daardie intieme bande met geliefdes wat verbreek word. Daarom beskou baie mense op hierdie oomblik grappenderwys die grendelstaat as huisarres. Die laaste realiteit waar ons hierdie intieme kontak verloor, het iets van 'n finaliteit in dit. Dit gebeur wanneer 'n persoon sterf. Dan is 'n persoon fisies nie meer teenwoordig nie, en die dispensasie waar ons nou leef, sal hy/sy nooit weer teenwoordig kan wees nie. Daardie intieme kontak is dan vir altyd verbreek.

Maar wat as so 'n persoon dan skielik sou terug keur. Kan ons vir onself iets indink wat 'n geliefde moet ervaar wanneer iemand wat reeds gegroet is langs die graf, skielik terug sou keur. Dit is waar ons vanoggend vir Maria Magdalena vind. Sy is so bly oor haar Here Jesus Christus, dat Sy Hom wil vasgryp en vashou. Sy wil nie hê dat Hy ooit weer weggaan van haar af nie.

Maar hierdie is nie die finale bestemming van die Here nie. Daar is meer. En dit is waar ons fokus ook vanoggend lê. Wat beteken die opstanding van ons Here Jesus Christus vir my en jou vandag? Ja vandag wat dalk al klaar nie meer so rooskleurig lyk soos laas jaar, hierdie tyd nie? Wat lê agter hierdie opstanding van die Here, maar ook wat beteken dit vir die toekoms?

2. 'n Herontmoeting

Ons teksgedeelte begin met 'n hartseer Maria Magdalena. Haar geliefde leermeester is drie dae gelede gekruisig. Hy het gesterf aan die kruis en hulle het Hom begrawe hier in die graf van Josef van Arimatea, waarheen sy nou juis oppad is. Maar dan word 'n hartseer Maria, 'n verpletterde Maria. Die liggaam van Jesus is nie daar nie. Sy verkeer dadelik in 'n paniek. Was hierdie rykmans begrafnis en graf net te goed om waar te wees? Het hulle nou die liggaam van haar leermeester kom haal om nog iets erger daarmee te doen? Dit is alles vra wat waarskynlik deur haar gedagtes gegaan het.

Sy hardloop en gaan haal van die ander dissipels ook. Hulle kom kyk en bevestig wat sy sien. Die graf is leeg, net die doeke waarmee die liggaam bedek was lê daar, ja selfs die kopdoek is netjies opgerol eenkant. Dit is nie Maria se verbeelding nie, hier is regtig geen liggaam nie en niks meer vir hulle om te doen nie. Daarom gaan hulle maar huis toe.

Maar die gebroke Maria bly eers nog 'n rukkie by die graf. En dan gebeur dit. Die onverwagte. Die Here Jesus Christus verskyn aan Maria. Aanvanklik is sy nog so hartseer sy herken Hom nie eers nie. Maar dan wanneer sy Hom wel herken, dan wil sy nie hê dat hierdie wonderlike oomblik van Herontmoeting moet eindig nie. Sy wil vir Jesus vashou, by haar hou sodat Hy nooit weer kan weggaan nie.

En alhoewel Jesus baie omgee vir Maria, en natuurlik juis omdat Hy baie omgee vir haar, moet Hy dit keer. Hy het nie die dood oorwin en opgestaan om net hier by Maria in die tuin te bly vir ewig nie. Daar is soveel meer wat nog moet gebeur. En daarom sien ons dat hier sterk kontras tussen Jesus se opdrag aan Maria in ons teksvers. En Jesus se opdrag aan Tomas in vers 27 wat later volg waar Jesus vir Tomas sê: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig"

3. 'n Groter groep

Die verlossing uit die greep van die sonde en dood is soveel groter as 'n enkele vrou in 'n tuin. En daarom Christus se opdrag in ons teksvers, moenie My terughou nie. Die uitverkiesde mense in die wêreld is 'n groter groep. Hulle moet hoor, sodat die Heilige Gees ook in hulle kan werk. Want dit wat Jesus in hoofstuk 4 al aan die samaritaanse vrou by die put verkondig het, begin nou in vervulling kom. Jesus het mos vir haar gesê: "daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie"

En dit is wat nou gaan gebeur. Tot op hierdie punt het die dissipels die voorreg gehad om die Here Jesus Christus in Sy menslike natuur te kan ken en aanbid. Hulle het in 'n nou verhouding met hom saamgeleef en rond beweeg. Maar dinge gaan nou verander. Die ruimtelik beperkte teenwoordigheid van die menslike natuur van Christus gaan nou plek maak vir iets groter. En van nou af aan gaan mense baie meer die alomteenwoordige geestelike natuur van Christus beleef. Deur die werking van die Heilige Gees is dit ook waar ons staan vandag. Ons aanbid nie in Jerusalem of op die Heilige berg nie. Ons word daagliks gely deur die Heilige Gees om die teenwoordigheid van die Christus te ervaar.

Dit is dan juis hierin wat ons tema ook duidelik word. Niks kan vir Christus terughou nie. Nie die bese en doderyk nie. Hy wat met krag en geweld vir Christus die verlosser uit die weg wou ruim, is verslaan. Die lewende Christus in Maria se teenwoordigheid is 'n bewys dat die bese oorwin is. Maar wat Christus ook nie sal terughou is goedbedoelde optrede van Maria nie. Ja, Christus is vir ons lief en gee vir ons om op 'n manier wat ons nooit kan verstaan nie. Maar hierdie liefde hou ook nie vir Christus terug van Sy roeping nie. Nee hierdie liefde het Hom gebring tot by die kruisiging vir die sonde in ons plek. Maar dit gaan ook nou verder. Ons word as broers en susters begelei om uiteindelik almal by die Vader in die hemel te wees, soos wat ons teksvers ook duidelik vir ons openbaar.

4. Die hoogste plek

Die laaste punt wat die opstanding van Christus vir ons duidelik maak is beweging. Maar definitiewe opwaartse beweging. Christus is nie nou maar vir oomblik opgewek om maar net later weer in die dood in te gaan nie. Hy is nie soos 'n terminale siek persoon wat 'n oplewing in hulle toestand beleef, maar tog later sterf nie. Hy is ook anders as Lasarus en die ander mense wat opgestaan tydens die kruisiging.

Christus is die eerste en Hy is op pad. Op pad na 'n beter plek. Sien hierdie gebeure hier by die graf is eintlik maar net die begin van Christus se triomftog. Sy tog terug na waar Hy vandaan gekom het. Die Hemel waar die Vader woon. Maar ons weet dat Hy die eerste is wat opgewek is uit die dood, en opvaar na die Hemel. Ons weet omdat ons ook op hierdie selfde pad sal beweeg.

Die noue verbintenis waarin ons deel kry aan al hierdie dinge word juis ook aan Maria geopenbaar wanneer Jesus vir haar sê: "Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is".

Dit is ook waar die tema vir ons persoonlik word. Christus neem ons saam, en niks kan ons terughou nie. Dit voel ver en onwerklik waar ons juis op hierdie stadium met so baie beperkings om ons leef. Maar deur die werklik van die Heilige Gees weet ons dat die opstanding alreeds vandag vir ons die ewige lewe beteken, selfs al sou ons ook sterf in die Covid19 pandemie.

5. Slot

Ons kan vandag se prediking afsluit met die wonderlike woorde in die parallelle gedeelte in Lukas: Waarom soek julle die Lewende by die dooies. Dit is wat die manne by die graf aan Maria en die vroue volgens die Lukas evangelie vra. Die word die refrein regdeur die eeu. En op die einde is dit ook die waarheid van geloof. Waarom soek julle die enigste ware lewende geloof tussen dooie gelowe in die wêreld. Die aanbidding van materiële dinge en ideologie bly tog maar net dooie gelowe, rondom die enigste ware lewende geloof.

Maar dan gaan die vraag nog dieper as dit. Waarom soek julle die lewende Verlosser tussen dooie verlossers. Soos ons vandag in hierdie prediking gesien het. Niks kan vir Christus keer nie. Niks kan die lewende Verlosser keer nie. En daarom vind 'n mens Hom nie tussen dooie verlossers wat gebind is nie.

Dit is vandag die boodskap van Christus wat nie teruggehou kan word nie aan my en jou. Probeer ek soms Christus terughou met my eiewillige Godsdienste. My manier waarop ek eintlik dinge wil doen? Of laat ek ook die Heilige Gees kragtig in my werk, sodat ek die ware lewende Verlosser kan sien wat deur niks teruggehou kan word nie. Kom ons ervaar weer vanoggend die blye boodskap dat nie die dood of enigiets vir Christus kon terughou nie, daarom sal dit ook nie vir my en jou kan terughou nie.

Amen